Groenboek 1980

DIE RSA SE BELANGE EN DIE RSA-REGERING
SE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VIR
ORDELIKE REGERING

## INHOUDSOPGAWE

| | Bladsy= nommer |
|---|---|
| VOORWOORD | iii |
| HOOFSTUK 1 : DIE BEDREIGING TEEN SUIDER-AFRIKA EN DIE RSA | |
| Bedreigingsontleding | 1-1 |
| Moontlike Scenario's Gebaseer op die Bedreiging | 1-5 |
| HOOFSTUK 2 : DIE FILOSOFIE VIR DIE BESTUUR VAN DIE STAAT OM TE OORLEEF TEEN TOTALE OORLOG | |
| Totale Oorlog en Totale Strategie | 2-1 |
| Begripsomskrywing | |
| Totale Oorlog | 2-1 |
| Totale Strategie | 2-2 |
| Uitvoering van Totale Strategie | 2-3 |
| Vereistes vir die Uitvoering van Totale Strategie | 2-4 |
| HOOFSTUK 3 : NASIONALE BELANGE, DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA TOV DIE RSA SELF | |
| Die RSA se Nasionale Belange | 3-1 |
| Die RSA se Nasionale Doel | 3-1 |
| Die RSA se Nasionale Doelstellings | 3-1 |
| Die RSA se Nasionale Beleid | |
| Inleiding | 3-2 |
| Politieke Beleid | 3-2 |
| Ekonomiese Beleid | 3-3 |
| Maatskaplike Beleid | 3-4 |
| Veiligheidsbeleid | 3-5 |
| HOOFSTUK 4 : NASIONALE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA TOV DIE DAARSTELLING VAN ONAFHANKLIKE SWART STATE BINNE SY TRADISIONELE GRENSE | |
| Die RSA se Nasionale Doel tov die Daarstelling van Onaf=hanklike Swart State | 4-1 |
| Die RSA se Nasionale Doelstellings tov die Daarstelling van Onafhanklike Swart State | 4-1 |
| Die RSA se Nasionale Beleid tov die Daarstelling van On=afhanklike Swart State | 4-2 |
| Politieke Beleid | 4-2 |
| Ekonomiese Beleid | 4-4 |
| Maatskaplike Beleid | 4-7 |
| Veiligheidsbeleid | 4-8 |
| HOOFSTUK 5 : NASIONALE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA TOV SUIDER-AFRIKA | |
| Die RSA se Nasionale Doel tov Suider-Afrika | 5-1 |
| Die RSA se Nasionale Doelstellings tov Suider-Afrika | 5-1 |
| Die RSA se Nasionale Beleid tov Suider-Afrika | |
| Inleiding | 5-2 |
| Politieke Beleid | 5-2 |
| Ekonomiese Beleid | 5-4 |
| Maatskaplike Beleid | 5-5 |
| Veiligheidsbeleid | 5-6 |

Bladsy=
nommer

HOOFSTUK 6 : NASIONALE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA TOV DIE INTERNASIONALE GEMEENSKAP

Die RSA se Nasionale Doel tov die Internasionale Gemeenskap 6-1
Die RSA se Nasionale Doelstellings tov die Internasionale Gemeenskap 6-1
Die RSA se Nasionale Beleid tov die Internasionale Gemeenskap
Inleiding 6-2
Politieke Beleid 6-2
Ekonomiese Beleid 6-2
Maatskaplike Beleid 6-3
Veiligheidsbeleid 6-3

HOOFSTUK 7 : NASIONALE SIELKUNDIGE AKSIE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA

Inleiding 7-1
Die RSA se Nasionale Sielkundige Aksie Doel 7-1
Die RSA se Nasionale Sielkundige Aksie Doelstellings 7-1
Die RSA se Nasionale Sielkundige Aksiebeleid 7-2
RSA 7-2
Suid-Afrikaanse Onafhanklike en Nasionale State 7-3
Suider-Afrika 7-4
Internasionale Gemeenskap 7-5

# DIE RSA SE BELANGE EN DIE RSA-REGERING SE DOEL, DOEL= STELLINGS EN BELEID VIR ORDELIKE REGERING

## VOORWOORD

1. Hierdie Handleiding is op 4 Maart 1980 deur die Ka= binet goedgekeur. Die Kabinet het die volgende voorbehoude op die hantering van die dokument geplaas:

1.1 Die dokument is beperk tot Ministers en Departements= hoofde.

1.2 Daar mag nie in geskrifte na buite uit dié boek aan= gehaal word nie.

1.3 Gegewens wat vir gebruik na buite uit dié boek benodig word, moet in verwerkte vorm en slegs met die goed= keuring van die Kabinet gebruik word.

1.4 Die inhoud van die boek is nie die wet van Mede en Perse nie maar kan met gepaste beredenering by om= standighede aangepas en gewysig word.

2. Die Handleiding is van toepassing op die Kabinet, die Kabinetskomitees en hulle hulporgane, Staatsdeparte= mente en semi-staatsinstellings.

3. Die Handleiding moet onmiddellik in gebruik geneem word vir die bestuur van die RSA se nasionale veiligheids- en welvaartstelsels. Die Kabinetskomitees verantwoorde= lik vir die bestuur van die welvaartstelsel van die Staat moet 'n bestuurshandleiding vir die bestuur van dié stelsel opstel. Die bestuur van die nasionale veiligheidstelsel sal geskied volgens die "Bestuurs=

handleiding vir die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel".

4. Die voorskrifte vervat in hierdie Handleiding het as oogmerk om die bestuur van die nasionale welvaarts- en veiligheidstelsels so doelmatig moontlik te maak en veral aan te pas by die huidige klimaat, meegebring deur die meer dinamiese benadering tot die oor= lewingsproblematiek.

5. Riglyne ten opsigte van die begrippe Konstellasie en Konfederasie waarvan melding gemaak word in verskeie hoofstukke van die Handleiding, word in Bylaag 1 van hierdie voorwoord uiteengesit.

6. Die sukses van die bestuur van die nasionale welvaarts- en veiligheidstelsels soos vervat in die Handleiding sal afhang van die wil tot samewerking. Die oogmerk met die Handleiding is dan ook veral om die spanpoging, wat van soveel belang vir die bestuur van die land is, te grond op duidelik geformuleerde doel, doelstellings en beleid.

DIE KABINET

KAAPSTAD

11 AUGUSTUS 1981

RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE BEGRIPPE KONSTELLASIE EN KONFEDERASIE

1. Onderskeid tussen Konstellasie en Konfederasie

1.1 Die begrip Konstellasie word gebruik om die rasionalisering en uitbreiding van samewerking met ALLE state in die sub= kontinent te beskryf.

1.2 Die begrip Konfederasie word gebruik in verband met die strukturering van tussenstaatlike verhoudings tussen die RSA en die state wat voorheen deel gevorm het van die RSA. Alhoewel daar op Konstellasie-vlak bepaalde strukture be= staan (bv die Rand Monetêre gebied, Suider-Afrikaanse Doeane= unie, RHOSA, ens), sal die begrip Konstellasie vir die voor= sienbare toekoms meer op beoogde samewerkingsaktiwiteite dui as op 'n gestruktureerde samewerkingseenheid tussen sekere onafhanklike state soos in die geval van die Konfederasie.

2. Omskrywing van Konfederasie

2.1 'n Konfederasie is 'n assosiasie, bond of vereniging van soewerein onafhanklike state sonder 'n sentrale regering wat by wyse van verdragsluiting vir die verwesenliking van be= paalde doelstellings gevorm word.

3. Die volgende konfederale beginsels word aanvaar:

3.1 Die soewereiniteit van 'n onafhanklike lidstaat mag onder geen omstandighede in die proses aangetas word nie.

3.2 Die gelykheid in status van al die partye moet gewaarborg word.

3.3 Die doel met die stigting van die Konfederasie, bv ekonomiese samewerking en gemeenskaplike sekuriteit, moet ondubbelsinnig voorop gestel word.

3.4 Die bestaan van die Konfederasie nie lidstate verhoed om onderling bilateraal te skakel nie.

3.5 Dit in die wese van 'n Konfederasie is dat die partye die reg tot onttrekking het.

4. Oor die vraag van vaste konfederale strukture word besluit dat op hierdie stadium volstaan moet word met die begrippe wat tans in die bestaande aksies gebruik word, byvoorbeeld spitsberade, interimsekretariaat en die multi- laterale komitees.

# HOOFSTUK 1 : DIE BEDREIGING TEEN SUIDER-AFRIKA EN DIE RSA

## BEDREIGINGSONTLEDING

1.1 Suider-Afrika is tans in 'n totale konflik gewikkel en kan, indien daar nie spoedig 'n oplossing vir die vraag=stukke van die gebied gevind word nie, totaal vernietig word.

1.2 Die konflik waarin die gebied hom bevind, het sy be=slag fundamenteel in die ideologiese Oos-Wesstryd, die strategiese ligging en bronbegaafdheid van Suider-Afrika, die welvaartsverskille en die heterogene bevolkingsame=stelling wat eie aan die gebied is. Hoewel die grond=stowwe en strategiese ligging van Suider-Afrika van groot belang vir die ekonomiese groei en oorlewing van die Weste is, verkies die Weste om die bronne en basisse beskikbaar te hê sonder om in 'n meer aktiewe konflik=situasie met die Ooste betrokke te raak.

1.3 Die optrede van die Weste wat die veiligheid en toe=ganklikheid van Suider-Afrika betref, is ingewikkeld en deur eie belang gemotiveer. Aan die een kant sou aktiewe betrokkenheid by die veiligheid van Suider-Afrika 'n ideologies-ongewilde skuif wees. Veral die VSA sal van=weë sy interne rassevraagstuk en relatiewe afhanklikheid van Nigeriese olie, sy prominente posisie in die ideo=logiese konflik en sy Viëtnam-ervaring, nie graag fisies by Suider-Afrika betrokke wil raak nie.

1.4 Wat ookal die besondere Westerse waardering van die be=langrikheid van Suider-Afrika is, skyn dit 'n feit te wees dat 'n onplooibare houding deur 'n Blanke regering in Suider-Afrika slegs toenemende konflik in die ge=bied waarborg. 'n Meer stabiele bedeling in Suider-

Afrika is ongetwyfeld van die grootste belang vir die Weste, nie net omdat so ŉ bedeling die beskikbaarheid van grondstowwe sal waarborg nie, maar ook omdat dié toedrag van sake die verloop van die konflik tussen Wes en Oos in talle teaters sal raak. Die toedrag van sake in Suider-Afrika, veral die uitgesproke skakeringseffekte tussen Blank en Swart, kan ideale omstandighede skep vir kommunistiese optrede. Die skerp verskille in welsyn en ekonomies-tegnologiese vooruitgang in die gebied skep nie net ŉ teelaarde vir kommunistiese indringing en rewolusie tussen state nie, maar hou ernstige implikasies in vir die wil tot weerbaarheid van die volkere van die RSA (Transkei, Bophuthatswana en Venda ingesluit).

1.5 Hoewel die RSA nie primêr in ŉ konfliksituasie met die Swart inwoners van Afrika gedompel is nie, lei die skerp skakeringseffekte tot vervreemding. Dit skep die geleentheid vir die daarstelling van ŉ operasionele teater wat hom nie net leen vir die bysleep van die magstryd tussen Wes en Oos nie, maar die teater het reeds ŉ dimensie van sy eie ontwikkel, naamlik die Blanke teen die res. Die bestaande konflik, wat nie ŉ verskynsel uniek aan slegs Suider-Afrika is nie, word ten volle benut deur veral die Sowjet-Unie met sy enorme oorlogsmasjien en sy toegang tot die sogenaamde proxy-magte, wat meebring dat die risiko verbonde aan sy optrede telkens besonder laag is.

1.6 Soos in die Midde- en Verre-Ooste en die Horing van Afrika bevind Suider-Afrika hom in die posisie dat hy die teater geword het van toenemende militêre voorraadbouing en die opleiding van steeds groter getalle Swartes in die hantering van die toerusting. Dié toedrag van sake bring mee dat sommige Swart state en sogenaamde bevrydingsbewegings as marionette van die Sowjet-Unie steeds avontuurlustiger word en ŉ rol in die wêreld=

politiek speel wat buite alle verhouding is met hulle stand in hulle eie gemeenskappe of die belangrikheid van hulle lande in die subkontinent. Dié omstandig= hede bemoeilik nie net konstitusionele ontwikkeling en ontplooiing in Suider-Afrika nie, maar hou steeds groter bedreiginge in vir die gematigde elemente in dié deel van die wêreld, dit is, die Blanke en gematigde Swart regerings.

1.7 Die potensiaal vir eskalerende militêre konflikte in die subkontinent en buitelandse inmenging is dus reeds daargestel. Die sleutelelemente vir die soort optrede is 'n bepaalde tydskedule, 'n professioneel-bekwame en beproefde Sowjet-geïnspireerde mag in die vorm van Kubane, Oos-Duitsers, Roemeniërs, Tsjegge en Russe wat op meer as een punt in die gebied ontplooi is, asook aktiewe terreurbendes. Ten einde te voorkom dat Suider-Afrika nie in 'n tweede Viëtnam ontwikkel nie en aangesien hulle 'n groter waarde heg aan hulle toekom= stige verhoudings met die regerings van Swart Afrika= state, het sekere lande van die Weste as uitgangspunt aanvaar dat 'n Blanke regering in die posisie gedwing moet word waar hy geen ander keuse het nie as om te swig voor die druk van buite.

1.8 Feitlik alle Swart leiers in Suider-Afrika bevind hulle in so 'n haglike posisie wat hulle volkshuishoudings be= tref, dat sommige van hulle enige slagspreuk sal aan= gryp ten einde die aandag van hulleself af te lei. Wel= varende RSA met sy groot skakeringseffekte, en die frus= trasie, geregverdig of nie, van sy Swart inwoners, leen hom baie goed as 'n skuifmeul.

1.9 Die gevare van Russiese imperialisme en Westerse huma= nisme is 'n voortdurende bedreiging vir Suider-Afrika. Binne hierdie konteks kan die RSA se opsies nie in water= digte kompartemente voorgestel word nie. Daar is ver=

skeie variasies en kombinasies van opsies. Ons daag= likse interaksies met die buiteland wemel van voor= beelde van tussen-skakerings van hierdie opsies:

1.9.1 Swig voor die aanslae van Marxistiese terroristebe= wegings wat lei tot die omverwerping van die bestaande orde met of sonder die daarstelling van 'n Marxistiese bewind.

1.9.2 Weerstaan die aanslae van Marxistiese terroristebewegings veral met ekonomiese hulp van die Weste. (As teen= prestasie kan die Weste aandring op 'n staatsbestel vir die RSA wat sal lei tot Swart meerderheidsregering).

1.9.3 Verhoed die Weste om aktief teen ons op te tree en weerstaan dan op eie krag die aanslae van die terroriste.

1.9.4 Sluit aan by 'n magsgroepering van Swart Afrikastate via lidmaatskap van die OAE. (As gevolg van die bestaan van 'n Blanke regering in die RSA, wat daarvan beskuldig word dat hy slegs Blanke belange bevorder, en die oorwegend anti-RSA-gesindheid van lidlande van die OAE, sal die moontlikheid vir sodanige aansluiting skraal wees).

1.9.5 Groepeer Suider-Afrika tot 'n oorlewingsgerigte blok van state en aanvaar as beleid om deur gesamentlike optrede ondermyning deur die Ooste en druk deur die Weste af te weer tot tyd en wyl die ideologiese stryd tussen die Ooste en die Weste so verander het dat die Suider-Afrika state hulle in 'n meer simpatieke omgewing be= vind, of die groep state so gekonsolideer en sterk ge= word het dat hulle 'n magsblok in eie reg geword het. Dit kan in 'n Suider-Afrika konstellasie van state be= slag verkry.

1.10 Dit is duidelik dat die gedagte van 'n konstellasie van Suider-Afrika-state die mees hoopvolle alternatief vir die subkontinent bied en aktief bevorder moet word.

1.11 Om 'n Suider-Afrika konstellasie van state daar te stel, is dit noodsaaklik dat die RSA:

1.11.1 In oorleg met die leiers van alle state in Suider-Afrika terreine van gemeenskaplike belang en optrede ontwikkel en as instrument gebruik om die tweefront-aanval af te weer. Gemeenskaplike optrede is 'n dringende noodsaak= likheid op al vier die magsbasisse, naamlik die staat= kundige, die ekonomiese, die maatskaplik/sielkundige en veiligheid.

1.11.2 Aan die onderskeie Swart volkere, sonder aantasting van die Blanke magsbasis van die RSA, op etnisiteits- en volkshomogeniteitsgrondslae, gelyke beregtiging ver= leen, ten einde die hele gebied te konsolideer en po= sitief te motiveer.

MOONTLIKE SCENARIO'S GEBASEER OP DIE BEDREIGING

1.12. Aan die hand van die Nasionale Inligtingswaardering kan scenario's vir die ontwikkeling van die bedreiging opgestel word. Die RSA moet hom voorberei om 'n eska= lerende totale aanslag af te weer òf as lid van 'n Alliansie van Suider-Afrika-state indien die Suider-Afrika strategie slaag òf geïsoleerd indien die strategie nie suksesvol is nie.

1.13 Indien die Suider-Afrika-strategie nie sou slaag nie, kan die bedreiging soos volg daaruitsien:

1.13.1 Binnelandse Situasie. Daar bestaan geen twyfel dat die politieke, ekonomiese en sielkundige aanslae teen die RSA steeds in felheid sal toeneem nie.

1.13.1.1 Die moontlikheid van omvattende ekonomiese sanksies (insluitende ʼn olieverbod) teen die RSA moet aanvaar word. Die gepaardgaande groot werkloosheid sal die binnelandse veiligheidsituasie net laat versleg.

1.13.1.2 Al sou die verwagting van moontlike sanskies nie ver= wesentlik nie, moet die probleem van wydverspreide werkloosheid as ʼn bepalende faktor in die toename in binnelandse onrus geken word.

1.13.1.3 Verwagtinge wat geskep is vir ʼn nuwe konstitusionele bedeling en omvattende konsolidasie van die Swart state binne die RSA, het ʼn klimaat van dringendheid geskep vir die oplossing van die binnelandse vraagstukke. Aan= sienlike meetbare vordering is dringend noodsaaklik in= dien momentum behoue moet bly en redelike verwagtinge van die Swart volke nie frustreer moet word nie.

1.13.2 <u>Terrorisme.</u> Nieteenstaande die bekampingsmaatreëls van die veiligheidsmagte sal terrorisme teen die RSA sonder twyfel toeneem. Selfs met gematigde regerings aan die bewind in die RSA se buurstate is daar geen waarborg dat hulle grondgebied nie as basis, of ten minste as deur= gangsroete deur terroriste benut sal word nie. Platte= landse terrorisme is dus ʼn sterk moontlikheid en kan langs die lengte van die RSA se grense met sy buurstate ontstaan. Dit kan ook verwag word dat stedelike terro= risme in felheid sal toeneem.

1.13.3 <u>Konvensionele Aanval.</u> Die Westerse lande sou waarskyn= lik verkies om die oorgang tot ʼn ander staatsbestel in die RSA met die minimum aanwending van geweld te be= reik. Dit is onwaarskynlik dat die kommuniste, soos verteenwoordig deur veral die Sowjet-Unie, sodanige voorbehoude het. Dit is onwaarskynlik dat die Sowjet- Unie self by sodanige geweld betrokke sal raak, daar die land verkies om van proxy-magte gebruik te maak. Hoewel

dit tans onwaarskynlik lyk, moet 'n konvensionele aanval op die RSA deur Afrika- en proxy-magte wat deur die kommuniste toegerus en opgelei is, gesien word as die waarskynlikste uiteindelike militêre optrede waarteen gewaak moet word.

1.13.4 <u>Kommentaar.</u> Soos weerspieël in die voorafgaande ont=leding moet voorsien word dat terroristebedrywighede in die RSA gaan eskaleer. Die moontlikheid is nie uit=gesluit nie dat die Swart state binne die tradisionele RSA as basisgebiede deur terroriste gebruik sal word. Ten einde te voorkom dat die Swart state ontwikkel tot gebiede wat 'n groot bedreiging vir die veiligheid van die RSA inhou, is dit gebiedend noodsaaklik dat dié ge=biede uit 'n nasionale veiligheidsoogpunt as 'n inte=grale deel van die Suider-Afrika-strategie opgeneem en as bondgenote teen die kommunisme ingespan word.

1.14 Indien die Suider-Afrika-strategie slaag, kan die be=dreiging soos volg daaruitsien:

1.14.1 <u>Binnelandse Situasie.</u> Slaag die Suider-Afrika-kon=stellasie, sal sanksies nie noodwendig afgeweer word nie maar sal die RSA beter in staat wees om dit te oorleef. Die algemene interne situasie op ekonomiese vlak sal ge=sonder daaruitsien mits die ekonomiese groeikoers vol=gehou kan word en werkverskaffing toereikend hanteer kan word. Sinvolle konsolidasie van die onafhanklike Swart state asmede die Nasionale state en die inskake=ling van onafhanklike state by 'n Suid-Afrikaanse Konfe=derasie, asook die suksesvolle inskerping van 'n eie staat=gerigtheid onder die Swart inwoners van die RSA, sal lei tot groter welwillendheid, vertroue en verligting van die interne spanning met 'n gepaardgaande afname van die interne bedreiging.

1.14.2 Terrorisme. Met die verwagte verbetering in die in= terne klimaat sal die dryfveer vir terrorisoptrede binne die RSA ontspan. Die onderlinge voordele wat die lede van die Suider-Afrika-Konstellasie en Suid-Afrikaanse Konfederasie onderskeidelik uit hul assosia= sie met die RSA put, sal hulle daarvan weerhou om steun, van watter aard ookal, aan die terroriste te verleen. Dit sal die terroriste van lewensbelangrike steun ontneem en daartoe lei dat die omvang van die terrorisbedreiging teen die RSA van buite sy grense aansienlik sal afneem.

1.14.3 Konvensionele Aanval. 'n Landwaartse aanval sal aan= vanklik alleenlik vanuit die gebied Noord van onge= veer die 10°S breedtegraad en nie vanuit die RSA se buurstate nie, soos in die medium-langtermyn verwag kan word indien die Suider-Afrika-strategie nie slaag nie, geloods kan word. Die waarskynlikheid van 'n kon= vensionele aanval deur Afrika- en/of proxy-magte, gerug= steun deur die gesofistikeerde infrastruktuur van be= treklik ontwikkelde Suider-Afrika-state soos bv Zimbabwe sal dus afneem. Die seewaartse bedreiging moet steeds as 'n wesenlike gevaar erken word, veral in die lig van die maritieme aanwesigheid en bedrywighede van die groot moondhede in die Indiese- en Suid-Atlantiese Oseane. Hierdie toedrag van sake word beïnvloed deur die feit dat sekere Nasionale en onafhanklike Swart state binne die tradisionele RSA oor 'n kuslyn en ge= biedswaters beskik.

# HOOFSTUK 2 : DIE FILOSOFIE VIR DIE BESTUUR VAN DIE STAAT OM TE OORLEEF TEEN TOTALE OORLOG

## TOTALE OORLOG EN TOTALE STRATEGIE

### INLEIDING

2.1 Die RSA is vandag in 'n oorlewingsoorlog ter versekering van sy fisieke en breë volkere voortbestaan gewikkel waar= in die vyand van alle middele tot sy beskikking gebruik maak om 'n Swart meerderheidsregering in die land aan die bewind te bring. In die aanslag maak die vyand nie slegs gebruik van tradisionele metodes van oorlogvoering nie, maar van gekoördineerde en georkestreerde optrede op 'n verskeidenheid van terreine, oftewel totale oorlog.

2.2 Die RSA moet dus van 'n totale strategie gebruik maak waarin hy al die middele tot sy beskikking aanwend om sy doelstellings te verwesenlik om so die aanslag wat teen hom gevoer word, te bekamp.

## BEGRIPSOMSKRYWING

### TOTALE OORLOG

2.4 Totale Oorlog is Aktueel. 'n Totale oorlog word reeds sedert kort na die einde van die Tweede Wêreldoorlog deur die Kommunistiese Wêreld, onder leiding van die Sowjet-Unie, teen die Vrye Wêreld gevoer. Die RSA is 'n belangrike doelwit in die totale aanslag. Die aan= slag het deurgaans 'n sterk rewolusionêre inslag. Dit word gebruik as dekmantel vir die motiewe van die

imperialisme en die strewe na wêreldoorheersing van die kommunistiese leiers. Westerse optrede in eie belang maar onder die dekmantel van die humanisme in Suider-Afrika is indirek bevorderlik vir die doel van kommunis=tiese imperialisme in die subkontinent.

2.5 Eienskappe. Die totale oorlog teen die RSA is deurlopend en word met alle middele tot die vyand se beskikking ge=voer. Dit behels nie slegs 'n militêre aanslag teen mili=têre teikens nie, maar veral nie-militêre middele word in eie reg as dwang-, oorredings- en lokmiddele aange=wend.

2.6 Doel. Die doel van die totale aanslag is om die aggressor se wil onvoorwaardelik op die RSA af te dwing. Hierdie doel is dus ook "totaal" en kan slegs bereik word deur die algehele oorgawe van die RSA. In die aggressor se konsep is "normalisering van verhoudings", "toegewings", "onderhandelings", ens, geen oplossing nie, maar slegs tussenstappe na die doel.

2.7 Middele. In die manifestasie van die aanslag teen die RSA word 'n verskeidenheid van middele aangewend. Dit word gerasionaliseer tot staatkundige, ekonomiese , siel=kundige en veiligheidsmiddele.

TOTALE STRATEGIE

2.8 Begrip. Die totale oorlog wat teen die RSA gevoer word, kan slegs bekamp word deur die gekoördineerde aanwen=ding van al die middele tot die staat se beskikking. 'n Plan van optrede waardeur alle beskikbare middele ge=koördineerd aangewend word, is dus nodig om te verseker dat die staat sy doelstellings bereik en so die aanslag afweer. Hierdie totale plan word die Totale Strategie genoem.

2.9 <u>Definisie.</u> Totale Strategie omvat alle aksieplanne wat daarop ingestel is om alle middele, bv dwang-, oor= redings- en lokmiddele waaroor die staat en die ge= meenskap beskik, optimaal en gekoördineerd aan te wend om sy doelstellings te bereik en so die veel-dimensio= nele aanslag af te weer.

2.10 <u>Vlakke van Strategie.</u> Daar is drie vlakke van strate= gie in die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel:

2.10.1 <u>Totale Strategie.</u> Dit is die plan om die veiligheids= doel en -doelstellings te bereik. Dit is ꞌn samevat= ting van die staatkundige, ekonomiese, maatskaplik/siel= kundige en veiligheidsaksies om die nasionale veilig= heidsdoel en -doelstellings te realiseer.

2.10.2 <u>Interdepartementele Strategie.</u> Dit is die interdepar= tementele planne ter bereiking van die veiligheidsdoel en -doelstellings. Dit dien as inset vir die formule= ring van die totale strategie. Dit word ook gerasiona= liseer tot afsonderlike staatkundige, ekonomiese, maat= skaplik/sielkundige en veiligheidstrategieë wat op die nasionale vlak versoen word ter bereiking van die na= sionale veiligheidsdoel en -doelstellings.

2.10.3 <u>Departementele Strategie.</u> Dit is die departementele planne ter bereiking van die veiligheidsdoel en -doel= stellings en dien, waar van toepassing, as insette by die vier interdepartementele strategieë.

UITVOERING VAN TOTALE STRATEGIE

2.11 Die voer van totale oorlog deur die daarstelling van ꞌn totale strategie het ꞌn nuwe era ingelei wat die nasio= nale veiligheid betref. Die totale strategie kan nie langer deur die veiligheidsmagsbasis in isolasie be= dryf word nie, maar behels optrede binne ꞌn totale ver=

band deur die staatkundige, ekonomiese, maatskaplik/sielkundige en veiligheidsmagsbasisse. Die gebruik van die vier magsbasisse binne die raamwerk van ʼn omvattende strategie ten einde die veiligheidsdoel=stellings te verwesenlik is sentraal aan die bestuur=stelsel. Die benadering vereis ʼn beplannings-, ont=wikkelings-, en aanwendingsfunksie gerig op die uit=voering van die totale strategie. Die beginsel waarop die bestuur van die totale strategie berus, is dié van gesamentlike staatsbestuur. Die koördineringsfunksie behels optrede deur die Staatsveiligheidsraad wat die tradisionele gesagslyne van departemente mag aantas. Die uitvoering van die totale strategie vereis dus dat die optrede van die staatsdepartemente wat die nasionale veiligheid raak, deur die Staatsveiligheidsraad namens die Kabinet gekoördineer moet word.

VEREISTES VIR DIE UITVOERING VAN TOTALE STRATEGIE

2.12. Die uitvoering van totale strategie is daarop gerig om politieke doelstellings te verwesenlik. Verder be=hels totale strategie die aanwending van alle beskikbare middele in die staat. Daarom moet die staatsgesag:

2.12.1 Die staat se belange en die Regering se doel en doel=stellings boekstaaf.

2.12.2 Die beleid waarbinne die staat se belange en die Re=gering se doel en doelstellings gerealiseer word, boek=staaf.

2.12.3 ʼn Staatsbestuurstelsel daarstel wat gesamentlik totale strategieë, soos deur die Eerste Minister en sy Rege=ring op advies van die Staatsveiligheidsraad geformu=leer en bekragtig, uitvoer om te verseker dat optrede op elke besondere terrein op dieselfde doel gerig is. Alle middele moet daardeur op die mees doeltreffende wyse aangewend word om die grootste rendement te ver=seker.

## NASIONALE STRATEGIE

2.13 Soos hierbo aangedui is die totale strategie gerig op die bereiking van die veiligheidsdoelstellings van die staat. Daar is egter ook ander aspekte wat van belang is naamlik die welvaartsterrein wat kom= plementerend tot die veiligheidsdoelstellings staan. Hierdie terrein vereis eweneens 'n strategie wat be= kend staan as die nasionale strategie. Ter uitvoer= ing van sowel die totale as die nasionale strategie om die veiligheids- en welvaartsdoelstellings te ver= wesenlik is dit nodig dat die staat se belange en die Regering se doel en doelstellings omskryf word soos in die volgende hoofstukke uiteengesit.

## HOOFSTUK 3 : NASIONALE BELANGE, DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA TOV DIE RSA SELF

### DIE RSA SE NASIONALE BELANGE

3.1 Die nasionale belange van die RSA is vervat in die Aanhef tot die Grondwet wat soos volg lui:

"... om saam te staan Om die onskendbaarheid en vry=heid van ons land te beveilig; Om die wet en orde daar=in te handhaaf; Om die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal te bevorder; ... om ons plig te aanvaar en gesamentlik met alle vredeliewende volkere wêreldvrede te soek;..."

### DIE RSA SE NASIONALE DOEL VIR DIE RSA.

3.2 Om die lewensomstandighede van alle volkere en be=volkingsgroepe in die RSA te verbeter.

### DIE RSA SE NASIONALE DOELSTELLINGS

3.3 Om die nasionale doel te bereik en die voortbestaan van die RSA en al sy mense te verseker, stel die Re=gering die volgende doelstellings voorop:

3.3.1 Staatkundige Doelstelling. Om selfbeskikking vir alle volkere en bevolkingsgroepe in die RSA te verseker.

3.3.2 Ekonomiese Doelstelling. Om te strewe na die optimale kombinasie van ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling en selfversorgendheid.

3.3.3 Maatskaplike Doelstelling. Om die menswaardigheid van alle mense te erken, maatskaplike welvaart te bevorder en stabiele gemeenskappe gegrond op eiesoortigheid daar te stel.

3.3.4 Veiligheidsdoelstelling. Om die ~~nasionale~~ veiligheid van die RSA ~~teen enige bedreiging~~ te verseker.

DIE RSA SE NASIONALE BELEIDSRAAMWERK.

INLEIDING

3.4 Die RSA-Regering se beleid tov die verskillende magsbasis se en ter uitvoering van sy totale en nasionale strategieë word kortliks onder die volgende subhoofde uiteengesit:

STAATKUNDIGE
~~POLITIEKE BELEID~~

3.5 Die binnelandse politieke beleid van die RSA kan soos volg saamgevat word:

3.5.1 Om binne die raamwerk van ŉ veelvolkige Suider-Afrika te strewe na die erkenning van die volgende grondslae:

3.5.1.1 Die erkenning en die aanvaarding van die bestaan van veelvolkigheid en van minderhede in die RSA.

3.5.1.2 Die aanvaarding van vertikale differensiasie met die ingeboude beginsel van selfbeskikking op soveel vlakke as moontlik.

3.5.1.3 Die daarstelling van konstitusionele strukture wat voor=siening maak vir die volle onafhanklikheid van die on=derskeie Swart volkere in die RSA, sinvolle konsolidasie van Nasionale en onafhanklike Swart state en die aan=vaarding van ŉ sosio-ekonomiese program gerig op die daadwerklike ontwikkeling van sodanige state.

3.5.1.4 Die verdeling van mag tussen Suid-Afrikaanse Blankes, Suid-Afrikaanse Kleurlinge en Suid-Afrikaanse Asiërs met ŉ sisteem van konsultasie en mede-verantwoordelik=heid waar gemeenskaplike belange geraak word.

Swartes

3.5.1.5 Die aanvaarding van die beginsel van eie skole en ge= meenskappe, waar enigsins moontlik, as fundamenteel vir gelukkige sosiale omstandighede.

3.5.1.6 Die bereidwilligheid om as gelykes saam te werk en oor sak van gemeenskaplike belang te beraadslaag, en daarvoor mede verantwoordelikheid te aanvaar, met balans tussen die regte van die individu en dié van die gemeenskap, en die verwy= dering van kwetsende, onnodige, diskriminerende maatreëls.

3.5.1.7 Gelyke beregting en toegang tot ons howe vir alle in= dividue. *

3.5.2 Om die selfbeskikking van volkere aan te moedig deur die oordrag van gesag.

3.5.3 Om demokratiese beginsels te handhaaf en kommunisme te verwerp.

3.5.4 Om 'n geografies-gedesentraliseerde staatsbestuur= stelsel vir die RSA in te stel.

EKONOMIESE ~~BELEID~~

3.6 Die RSA se binnelandse ekonomiese beleid is die vol= gende:

3.6.1 Om 'n vrye ondernemingstelsel as grondslag van die RSA-ekonomie te handhaaf.

3.6.2 Om die opleiding en benutting van mannekrag behoorlik te beplan en om voldoende werkgeleenthede vir die in= woners van die RSA te verseker.

3.6.3 Om hoë prioriteit te verleen aan die handhawing van arbeidsvrede.

3.6.4 Om die geografiese verspreiding van ekonomiese bedry=wighede volgens ruimtelike ordeningsbeginsels en so=siaal-aanvaarbare norme daar te stel.

3.6.5 Om 'n aanvaarbare verdeling van inkomste gebaseer op prestasie en daardeur pariteit ooreenkomstig produk=tiwiteit te bewerkstellig.

3.6.6 Om die RSA in die grootste moontlike mate ekonomies selfonderhoudend te maak ten opsigte van strategiese bedrywe en kommoditeite.

3.6.7 Om gemeenskapsgoedere en -dienste só te voorsien dat die veiligheid en die welvaart van alle gemeenskappe bevorder word.

3.6.8 Om ekonomiese ewewig as grondslag vir die handhawing van 'n hoë groeikoers en vir die bevordering van sosio-ekonomiese geregtigheid te bewaar.

3.6.9 Om die beweging van inwoners uit buurstate na die RSA te beheer onder andere op grondslag van:

3.6.9.1 Die beperkte beskikbaarheid van werkgeleenthede en behuising in die RSA en die behoud van brein- en werkkrag vir onafhanklike Swart state se eie eko=nomiese ontwikkeling.

3.6.9.2 Die vermyding van onbeheerde plakkery en gevolglike verstedelikingsprobleme.

3.6.10 Om produktiwiteit te verhoog deur ondermeer die beste gebruik van die wetenskap en tegnologie te maak.

MAATSKAPLIKE BELEID

3.7 Die RSA se binnelandse maatskaplike beleid is die vol=

gende:

3.7.1 Om negatiewe diskriminasie wat die handhawing van 'n ordelike staatsbestel ondermyn, uit te skakel.

3.7.2 Om die maatskaplike welvaart van die verskillende ge= meenskappe te verhoog.

3.7.3 Om met inagneming van die sosio-ekonomiese strukture van elke bevolkingsgroep, 'n gesonde bevolkingsaanwas te bewerkstellig deur 'n gesinsbeplanningsdiens aan elke volk en bevolkingsgroep te voorsien.

3.7.4 Om doeltreffende stelsels vir die onderwys en opvoeding van alle volkere en bevolkingsgroepe daar te stel.

3.7.5 Om deur doeltreffende onderwys en opvoeding en die handhawing van eie kulturele standaarde positiewe be= invloeding ten opsigte van alle bevolkingsgroepe uit te oefen.

3.7.6 Om die omvattende aanslag teen onder andere die jeug en die werkerskorps doeltreffend te bekamp en hulle terselfdertyd tot groter geestelike weerbaarheid te stimuleer.

VEILIGHEIDS~~BELEID~~

3.8 Die RSA se binnelandse veiligheidsbeleid behels die volgende:

3.8.1 Om op regeringsvlak voorsiening te maak vir 'n be= stuurstelsel wat, uitgaande van 'n totale strategie, optrede tussen staatsdepartemente, ander owerheids= instellings en die privaatsektor sal koördineer ten einde die veel-dimensionele aanslag teen die RSA die hoof te bied. Die bestuursfunksie sal op 'n gedesentra= liseerde basis uitgevoer word.

3.8.2 Om die vaste wil te handhaaf dat die RSA sy nasionale veiligheid deur gekoördineerde offensiewe pro-aktiewe optrede op alle magsbasisse in die strategiese en tak= tiese gebiede sal verseker. Dit impliseer nie dat die RSA aggressie teen enige staat of groep nastreef nie of enige gebiedsuitbreiding beoog nie maar indien enige bedreiging waar ookal teen die RSA ontstaan sal die nodige selfverdedigings- of voorkomende operasies teen sulke bedreigings geneem word.

3.8.3 Om doeltreffende koördinasie en samewerking tussen lede van die Inligtingsgemeenskap te bewerkstellig sodat:

3.8.3.1 ŉ Doeltreffende inligtingsnetwerk daargestel word.

3.8.3.2 Toepaslike, betroubare, geëvalueerde en vertolkte in= ligting, tot die beskikking van die Eerste Minister, die Kabinet, Staatsveiligheidsraad en departemente ge= stel word wat die Regering, die Staatsveiligheidsraad en staatsdepartemente in staat sal stel om die aard en omvang van enige bedreiging, militêr en andersins te bepaal en beleid, riglyne en/of strategieë daar= volgens te formuleer, te wysig of aan te pas.

3.8.4 Om die RSA en sy staatsbestel met alle mag tot sy be= skikking teen enige vorm van buitelandse aggressie/of interne rewolusie, wat ookal die aard en oorsprong daarvan, te verdedig en te beveilig.

3.8.5 Om alle bevolkingsgroepe by die handhawing van open= bare wet en orde en die verdediging van die RSA te be= trek, en die mannekragbehoeftes van die veiligheids= magte aan te vul ~~deur ŉ nasionale dienspligstelsel~~.

3.8.6 Om die RSA sover as wat dit prakties moontlik is, self= voorsienend tov ~~wapentuig en die voortgesette~~ produksie daarvan, te maak.

3.8.7 Om 'n parate konvensionele militêre vermoë te handhaaf. ~~ten einde die RSA se nasionale veiligheid deur pro=aktiewe optrede te verseker.~~

3.8.8 Om die burgerlike infrastruktuur te ondersteun in die behoud of bewaring van lewens, gesondheid en eiendom en die instandhouding van noodsaaklike dienste. ✓

3.8.9 Om 'n ordelike staatsbestel ~~te~~ waarborg deur die hand=hawing van wet en orde en die integriteit van die staat en sy grense.)

Dende Mag?

vloed en militêre hulpverlening in aangrensende state.

7.7.6 Om waardering vir die Suid-Afrikaanse bydrae op weten=skaplike en tegnologiese gebied in ander lande binne en buite Afrika te kweek.

7.6.6 Om elke geleentheid te benut ten einde dié media wat hulle die opsweping van die bevolking van Suider-Afrika teen die RSA en sy doelstellings vir die subkontinent ten doel stel, teen te gaan.

7.6.7 Om waar dit in die RSA se belang is, die aansien van weerstandsbewegings in buurstate uit te bou.

7.6.8 Om ꞑ positiewe gesindheid ten opsigte van onderlinge hulpverlening in tye van nood by die state van Suider-Afrika aan te wakker.

INTERNASIONALE GEMEENSKAP

7.7 Om sy doelstellings tov die internasionale gemeenskap te bereik,volg die RSA-Regering die volgende sielkun= dige aksiebeleid na:

7.7.1 Om die internasionale gemeenskap te verseker dat die RSA nie sy reg as synde ꞑ Afrika-staat wat sy heenkome in ꞑ Suider-Afrika Konstellasie van State moet vind, sal prysgee nie.

7.7.2 Om die RSA-aansien en -beleid op ꞑ dinamiese wyse in die buiteland te propageer.

7.7.3 Om die optredes wat op die isolering van die RSA gerig is, met deeglike, gekoördineerde aksies teen te werk.

7.7.4 Om begrip vir die RSA se binnelandse verhoudingsbeleid by die regerings en inwoners van alle lande te kweek.

7.7.5 Om die strategiese belang van die RSA, die gevaar van kommunistiese indringing en die omvang en implikasie van die bedreiging van rewolusionêre oorname in Suider-Afrika te beklemtoon,en sodoende bevriende state te be= invloed tot optrede ter bekamping van kommunistiese in=

7.5.7 Om die bevolking van die RSA en van die onafhanklike en Nasionale state eerstens eiestaat en vaderland-positief gerig, en tweedens Suider-Afrika gerig te maak.

7.5.8 Om erkenning te gee aan en geloofwaardigheid te be= bevestig tov gematigde Swart leiers wat die Suider-Afrika toekomsvisie onderskryf.

SUIDER-AFRIKA

7.6 Om sy nasionale beleid tov Suider-Afrika uit te voer, volg die RSA-Regering die volgende sielkundige aksiebe= leid na:

7.6.1 Om die onderlinge voordele en belangrikheid van 'n Suider-Afrika Konstellasie van State veral aan die state van die streek te beklemtoon.

7.6.2 Om die gevolge van onstabiliteit en negatiewe ekonomiese groei vir Suider-Afrika, met sy vinnig-groeiende be= volking en skaarste aan maklik-ontginbare bronne, by almal tuis te bring.

7.6.3 Om die bevolking van die subkontinent van die gevare en gebreke van die Marxisme en kommunistiese ekspan= sionisme bewus te maak en hulle sterk daarteen te be= invloed.

7.6.4 Om die sukses van die RSA se ewolusionêre benadering tot alle vraagstukke en sy bereidwilligheid om waar moontlik bystand te verleen, te demonstreer.

7.6.5 Om terroriste-organisasies in Suider-Afrika, sowel as die Kubane en ander kommunistiese surrogate te diskrediteer.

7.4.5 Om die toekomsvisie vir alle minderheidsgroepe te propageer en om hulle te oorreed om daadwerklik mee te werk ter bereiking van doelwitte in dié verband en daaraan deel te hê.

SUID-AFRIKAANSE ONAFHANKLIKE EN NASIONALE STATE

7.5 Om sy nasionale beleid tov die bogenoemde state uit te voer, volg die RSA-Regering die volgende sielkundige aksiebeleid na:

7.5.1 Om welwillendheid te verkry tov die daarstelling van sinvol-gekonsolideerde state as 'n aanvaarbare en prak=tiese benadering tot die bylegging van konflikte in 'n veelvolkige samelewing en om die RSA bevolking te mo=tiveer om die konsolidasieprogram uit 'n nasionale oor=lewingsoogpunt te aanvaar.

7.5.2 Om die gesindheid van die Swart volke ten opsigte van hulle eie state positief in te skerp en om die gesind=heid van dié leiers wat gekant is teen die skepping van onafhanklike state, positief te beïnvloed.

7.5.3 Om die internasionale houding ten opsigte van die daar=gestelde onafhanklike state en die beleid van eiesoor=tige ontwikkeling positief te stem.

7.5.4 Om die Blankes aan te moedig om in die gekonsolideerde state aan te bly as belangrike faktor vir ekonomiese ontwikkeling en stabilisasie van die gebiede.

7.5.5 Om by die Swart volke vertroue in die bona fides van die RSA-Regering op te bou.

7.5.6 Om die Swart volke te motiveer tot Swart staat-bewustheid en die handhawing en uitbouing van etnisiteit, nasiona=lisme en volkstrots binne die interstaatsbestel.

7.3.3 <u>Suider-Afrika</u>. Om 'n klimaat te skep in Suider-Afrika wat bevorderlik sal wees tot die daarstelling van 'n Suider-Afrika Konstellasie van State en die verdere ontplooiing van die RSA-Regering se Suider-Afrika be= leid.

7.3.4 <u>Internasionale Gemeenskap</u>. Om 'n klimaat te skep vir die opbou en handhawing van goeie betrekkinge met die res van die Vrye Wêreld, gebaseer op onderlinge agting vir kultuur, waardes edm sonder dat die RSA sy politiek-staatkundige beginsels prysgee en sonder aantasting van sy magsbasisse.

DIE RSA SE NASIONALE SIELKUNDIGE AKSIEBELEID

RSA

7.4 Om sy nasionale doelstellings ten opsigte van die RSA self te bereik, volg die RSA-Regering die volgende siel= kundige aksiebeleid ten opsigte van die RSA na:

7.4.1 Om die Totale Nasionale Strategie te propageer.

7.4.2 Om kommunistiese en ander rewolusionêre beïnvloeding en propaganda van watter aard ookal, te neutraliseer.

7.4.3 Om die omvattende aanslag teen onder andere die jeug en die werkerskorps doeltreffend te bekamp en hulle terself= dertyd tot groter geestelike weerbaarheid te stimuleer.

7.4.4 Om die bevolking as geheel te oortuig dat dit in almal se belang is om ook Blanke voortbestaan te verseker en dat die Blanke net soos enige Afrikavolk en/of groep net so 'n onvervreembare geboortereg het om volgens eie kultuur, tradisie en met eie tale in Suider-Afrika voort te bestaan.

# HOOFSTUK 7 : NASIONALE SIELKUNDIGE AKSIE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA

## INLEIDING

7.1 Om die nasionale doel en doelstellings te bereik binne die beleidsraamwerk soos vervat in hoofstukke 3 tot 6 en veral binne die strategiese klimaat meegebring deur die totale aanslag teen die RSA, is dit van kardinale belang dat 'n daadwerklike sielkundige aksieprogram ge= handhaaf word om 'n gunstige klimaat te skep vir die uit= voering van die beleid.

## DIE RSA SE NASIONALE SIELKUNDIGE AKSIE DOEL

7.2 Om 'n klimaat te skep waarbinne die nasionale politieke, ekonomiese, maatskaplike en veiligheidsdoelstellings be= reik kan word.

## DIE RSA SE NASIONALE SIELKUNDIGE AKSIE DOELSTELLINGS

7.3 Om die nasionale sielkundige aksie doel te bereik, stel die RSA-Regering die volgende sielkundige aksie doel= stellings voorop:

7.3.1 <u>RSA.</u> Om die volkere en bevolkingsgroepe van die RSA in harmonie en vrede met mekaar te laat saamleef, onder= linge agting en waardering vir mekaar se leefwyse te kweek en samewerking te verkry ter bereiking van die nasionale doelstellings.

7.3.2 <u>Swart State.</u> Om 'n sielkundige klimaat teweeg te bring wat bevorderlik sal wees tot die ontplooiing van die RSA-Regering se beleid ten opsigte van die daarstelling van onafhanklike state binne sy tradisionele grondge= bied.

6.5.2 Om die RSA se ekonomie so weerbaar moontlik teen inter=nasionale ekonomiese dwangmaatreëls te maak.

6.5.3 Om buitelandse beleggings in die RSA te bevorder.

6.5.4 Om sy ekonomiese, wetenskaplike en tegnologiese kennis en potensiaal ook tot die uitbouing van die ekonomieë van bevriende lande aan te wend en sodoende waardering vir en afhanklikheid van die RSA te kweek.

MAATSKAPLIKE BELEID

6.6 Die RSA-Regering se maatskaplike beleid kan soos volg saamgevat word:

6.6.1 Om deur internasionale skakeling begrip en betrokken=heid te kweek vir a maatskaplike probleme van Suider-Afrika.

6.6.2 Om deur die uitruil van kennis oplossings te soek vir die maatskaplike probleme van die subkontinent en om die maatskaplike welvaart te bevorder.

VEILIGHEIDSBELEID

6.7 Die RSA-Regering se internasionale veiligheidsbeleid kan soos volg saamgevat word:

6.7.1 Om ter wille van die veiligheid van die RSA met alle lande wat gemeenskaplike doelwitte nastreef, saam te werk en om deur middel van formele en informele oor=eenkomste onderlinge hulp en die uitruil van fasili=teite te bewerkstellig.

waardes edm met alle state sonder dat die RSA sy politiek-staatkundige beginsels prysgee en sonder aantasting van sy magsbasisse.

## DIE RSA SE NASIONALE BELEID TOV DIE INTERNASIONALE GEMEENSKAP

### INLEIDING

6.3 Om die RSA se doelstellings tov die internasionale ge= meenskap te verwesenlik kan die Regering se beleid tov die verskillende magsbasisse kortliks onder die volgende subhoofde uiteengesit word:

### POLITIEKE BELEID

6.4 Die RSA-Regering se internasionale politieke beleid kan soos volg saamgevat word:

6.4.1 Om die RSA se binnelandse beleid en belange as deur-slaggewend te beskou in die bepaling van internasionale verhoudinge.

6.4.2 Om vriendskaplike verhoudinge en die normalisering van betrekkinge met alle lande waar dit in die RSA se be= lang is, te bevorder en te handhaaf.

### EKONOMIESE BELEID

6.5 Die RSA-Regering se ekonomiese beleid tov die inter= nasionale gemeenskap kan soos volg saamgevat word:

6.5.1 Om die RSA se uitvoer te bevorder deur gebruik te maak van alle middele tot sy beskikking en om in ooreenstem= ming met sy belange handel en finansiële betrekkinge met alle moondhede te probeer uitbou.

# HOOFSTUK 6 : NASIONALE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA TOV DIE INTERNASIONALE GEMEENSKAP

## DIE RSA SE NASIONALE DOEL TOV DIE INTERNASIONALE GEMEENSKAP

6.1 Om wêreldvrede en vreedsame naasbestaan gesamentlik met alle vredeliewende volkere na te streef en om as 'n lid van die internasionale gemeenskap van state toegelaat te word om sy rol as 'n volwaardige lid te vervul.

## DIE RSA SE NASIONALE DOELSTELLINGS TOV DIE INTERNASIONALE GE= MEENSKAP

6.2 Om die RSA se nasionale doel te bereik, stel die Re= gering die volgende doelstellings voorop:

6.2.1 <u>Staatkundige Doelstelling.</u> Om goeie verhoudinge met alle state na te streef op 'n basis van wedersydse nie-inmenging in mekaar se interne aangeleenthede.

6.2.2 <u>Ekonomiese Doelstelling.</u> Om die welvaart van die RSA te verhoog deur die handhawing en uitbouing van inter= nasionale ekonomiese betrekkinge.

6.2.3 <u>Maatskaplike Doelstelling.</u> Om op maatskaplike gebied met enige bevriende state saam te werk ter bevordering van maatskaplike welvaart en stabiliteit.

6.2.4 <u>Veiligheidsdoelstelling.</u> Om op veiligheidsgebied saam te werk ter bevordering van ~~die~~ nasionale veiligheid ~~van die RSA~~.

6.2.5 <u>Opsommend.</u> Die RSA beywer hom vir die opbou en hand= hawing van goeie betrekkinge en hulpverlening op alle terreine gebaseer op onderlinge agting van kultuur,

5.6.4 Om gesondheids- en veeartsenyaangeleenthede op ʼn ge= meenskaplike sowel as op ʼn nasionale basis te hanteer.

## VEILIGHEIDSBELEID

5.7 Die RSA-Regering se veiligheidsbeleid ter uitvoering van die Suider-Afrika-strategie is soos volg:

5.7.1 Om vir die doeleindes van die Suider-Afrika-strategie, die gebied in ʼn eie-, taktiese en strategiese belange= gebied, te verdeel.

5.7.2 Om deur pro-aktiewe aksie buite die territoriale ge= bied van die RSA die nasionale veiligheid van die lid= state van die Konstellasie te help verseker.

5.7.3 Om ʼn militêre alliansie tussen die state van Suider-Afrika daar te stel.

5.7.4 Om op versoek van die regerings in Suider-Afrika hulp te verleen met die stigting, opbou en instandhouding van stabiele, doelmatige veiligheidsmagte vir die be= veiliging van territoriale gebiede, handhawing van wet en orde en die versekering van hulle onafhanklikheid.

5.7.5 Om vir doeleindes van gemeenskaplike veiligheidsoptrede toegang tot mekaar se gebiede onderling te reël.

5.7.6 Om geen territoriale uitbreiding te beoog nie.

5.5.5 Om beskikbare waterbronne ten beste tot gemeenskap= like voordeel vir die hele gebied te ontwikkel en om nuwe waterbronne deur navorsing en andersins te ontwikkel om in alle noodsaaklike behoeftes te voor= sien.

5.5.6 Om reedsbestaande ekonomiese samewerking soos die be= staande Tolunie- en monetêre ooreenkomste te konsoli= deer en uit te bou en om steeds meer state by ʼn Suider-Afrika ekonomiese samewerkingsverband in te sluit.

5.5.7 Om ʼn beleid van samewerking vir die beskikbaarstelling van opleidings- en navorsingsfasiliteite na te volg.

5.5.8 Om privaatsektor-deelname vanuit die RSA en veral vanuit die buiteland, by fisiese en menslike infrastruktuur= skepping en die uitbouing van produksie in die ver= skillende bedryfsektore in Suider-Afrika aan te moedig.

5.5.9 Om die moontlikhede te ontgin wat daar mag bestaan vir gesamentlike bemarking sowel in die subkontinent as na buite.

MAATSKAPLIKE BELEID

5.6 Die RSA-Regering se maatskaplike beleid ter uitvoering van die Suider-Afrika-strategie is soos volg:

5.6.1 Om die menswaardige bestaan van alle volkere in Suider-Afrika te bevorder.

5.6.2 Om die state van Suider-Afrika op kulturele, godsdiens= tige en maatskaplike terreine positief te ondersteun.

5.6.3 Om kulturele en sportaangeleenthede tussen lidlande te bevorder.

5.4.4 Om uit 'n posisie van krag ontspanningspolitiek te voer ten einde betrekkinge te normaliseer en daardeur bestendigheid in die Konstellasie te handhaaf.

5.4.5 Om deur diplomatieke aksie buite die territoriale gebied van die RSA, die doelstellings en beleid van die RSA na te streef en daardeur die vyandelike politieke aanslag teen die Suider-Afrika Konstellasie van State teë te werk.

EKONOMIESE BELEID

5.5 Die RSA-Regering se ekonomiese beleid ter uitvoering van die Suider-Afrika-strategie is soos volg:

5.5.1 Om wetenskaplik-tegnologiese en fisiese infrastrukture vir die benutting van hulpbronne, onder meer deur die betrekking van die privaatsektor van die RSA, daar te stel.

5.5.2 Om die toeganklikheid ~~van~~ 'n groot dinamiese mark met groter mobiliteit van produksiefaktore en kommoditeite te beklemtoon met die voorbehoud dat die RSA hom nie sal wil verbind tot die volkome beweeglikheid van die produksiefaktor arbeid nie. ?

5.5.3 Om binne die perke van die RSA se vermoëns en sy eie binnelandse prioriteite bystand te verleen met die ontwikkeling van die fisiese en menslike infrastrukture en produksiesektore soos die vervaardigingswese, mynbou en die kommersieel-monetêre sektor sowel as by die bestaansektor-landbou.

5.5.4 Om gemeenskaplike infrastrukture soos byvoorbeeld watervoorsienings- en kragopwekkingsfasiliteite en 'n verbindingsnetwerk in die hele gebied daar te stel.

5.4.2.5 Ekonomiese interafhanklikheid.

5.4.2.6 Onderlinge vertroue.

5.4.2.7 Bestendigheid in die Konstellasie.

5.4.3 Om die handhawing van die volgende beginsels na te kom:

5.4.3.1 Die erkenning en handhawing van 'n eiesoortige nie-kommunistiese politieke siening en filosofie ten opsigte van elke individuele staat deur elke ander staat.

5.4.3.2 Die erkenning van hulle kultuur-goedere, tradisies en ideale.

5.4.3.3 Die handhawing van 'n beleid van nie-inmenging in huishoudelike sake van lidlande.

5.4.3.4 Die aanvaarding van die beginsel van geen dominasie van een staat deur 'n ander nie.

5.4.3.5 Die aanvaarding dat lidmaatskap van die Konstellasie nie die soewereiniteit van lidstate aantas nie.

5.4.3.6 Die aanvaarding van gemeenskaplike belange as die enigste grondslag vir die daarstelling van die Konstellasie van State.

5.4.3.7 Die sluit van formele ooreenkomste op terreine van gemeenskaplike belang.

5.4.3.8 Die aanvaarding van die gelyke status van lidlande van die Konstellasie.

DIE RSA SE NASIONALE BELEID TOV SUIDER-AFRIKA

INLEIDING

5.3 Om 'n Konstellasie van Suider-Afrika-state, gebaseer op gemeenskaplike ekonomiese en veiligheidsoorwegings, daar te stel ten einde die nasionale veiligheid van die betrokke state te verseker, word die Regering se beleid tov die verskillende magsbasisse kortliks onder die volgende subhoofde uiteengesit:

POLITIEKE BELEID

5.4 Die RSA-Regering se politieke beleid vir die Suider-Afrika Konstellasie van State kan soos volg saamgevat word:

5.4.1 Om sover dit die RSA se belange bevorder, 'n Suider-Afrika Konstellasie van State wat Afrika-georiënteerd is, wat Suider-Afrika se belange vooropstel, wat stabiliteit nastreef, en wat imperialisme en kommunisme verwerp, daar te stel.

5.4.2 Om die volgende, tot die mate waarin dit bestaan, as grondslag waarop die Konstellasie van Suider-Afrika-state tot stand gebring kan word, te aanvaar:

5.4.2.1 Geografiese samehorigheid.

5.4.2.2 Historiese gebondenheid.

5.4.2.3 Interafhanklikheid van tegnologiese, fisiese en menslike infrastrukture.

5.4.2.4 Onderlinge veiligheidsbelange.

HOOFSTUK 5 : NASIONALE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA TOV SUIDER-AFRIKA

DIE RSA SE NASIONALE DOEL TOV SUIDER-AFRIKA

5.1 Om die lewensomstandighede van alle volkere en bevolkingsgroepe in Suider-Afrika te verbeter.

DIE RSA SE NASIONALE DOELSTELLINGS TOV SUIDER-AFRIKA

5.2 Om die nasionale doel te bereik stel die Regering die volgende doelstellings voorop:

5.2.1 Staatkundige Doelstelling. Om 'n Suider-Afrika Konstellasie van State gebou op gemeenskaplike belange te bepaal, daar te stel en te bevorder.

5.2.2 Ekonomiese Doelstelling. Om die huidige ekonomiese interafhanklikheid van die onderskeie state in Suider-Afrika tot onderlinge voordeel uit te bou, en sodoende die hulpbronne van die subkontinent tot voordeel van die state van Suider-Afrika te ontwikkel en te benut.

5.2.3 Maatskaplike Doelstelling. Om die maatskaplike welvaartspeil van alle volkere en bevolkingsgroepe in Suider-Afrika te verhoog.

5.2.4 Veiligheidsdoelstelling. Om deur gesamentlike optrede in die Suider-Afrika Konstellasie van State, die nasionale veiligheid van die onderskeie state teen aggressie, in watter vorm ookal, te beskerm.

5.2.5 Opsommend. Die RSA beywer hom vir die daarstelling van 'n Suider-Afrika Konstellasie van State met 'n gemeenskaplike benadering tot ekonomiese, militêre en internasionale vraagstukke sonder dat die RSA sy eie nasionale doelstellings prysgee.

4.7.6.3 Burgersake-aksie.

4.7.7 Om 'n fisiese infrastruktuur daar te stel wat die ~~ver-~~ veiligheid dediging van die Suid-Afrikaanse Konfederasie en die Suider-Afrika-~~Konstellasie~~ as geheel sal bevorder. Die breë struktuur moet egter gerugsteun word deur 'n interne struktuur wat daarop gerig is om die RSA se verdediging eiehandig te bedryf.

4.7.8 Om in oorleg met leiers van onafhanklike Swart state 'n militêre verdragsorganisasie in Suider-Afrika daar te stel.

## VEILIGHEIDSBELEID

4.7 Die RSA-Regering se veiligheidsbeleid is soos volg:

4.7.1 Om by die bepaling van onafhanklike Swart state die komplementariteit ook op militêre gebied in Suider-Afrika te erken en uit te bou.

4.7.2 Om 'n veiligheidsmagsbasis daar te stel vir die beveiliging en bevordering van die politieke, ekonomiese, maatskaplike en sielkundige bestel van Suider-Afrika in sy geheel.

4.7.3 Om die grense gemeenskaplik aan die onafhanklike Swart state en die RSA, so kort moontlik te hou.

4.7.4 Om Blanke korridors en inlopers van Blanke vestiging so ver moontlik uit te skakel sonder om toeganklikheid tot die operasionele teaters te beperk.

4.7.5 Om kennis te neem van die feit dat die daarstelling van onafhanklike Swart state digby bestaande en voorsiene Blanke komplekse 'n wesenlike veiligheidsgevaar inhou.

4.7.6 Om die onafhanklike Swart state te adviseer en te lei by:

4.7.6.1 Die daarstelling van 'n veiligheidsinfrastruktuur insluitende 'n inligtingsnetwerk en -diens, verteenwoordigend van die Inligtingsgemeenskap soos onderling ooreengekom.

4.7.6.2 Strategiese, magsontwikkelings- en operasionele beplanning gerig op 'n geïntegreerde gevegsontwerp met dié van die RSA en Suider-Afrika.

4.5.14.2 Die uitbouing van ekonomiese samewerking in Suider-Afrika tot ꞌn ekonomiese groepering van Suider-Afrika-state moontlik gebaseer op ꞌn drievlakstelsel, wat die nouste mate van samewerking met onafhanklike Swart state binne die tradisionele grense van die RSA; ꞌn tweede vlak van samewerking met buurstate en ꞌn derde vlak van samewerking met ander state.

4.5.15 Om die onafhanklike Swart state met verdrag ook te betrek by ꞌn Konstellasie van Suider-Afrika-state wat ook veral ꞌn meganisme sal bied vir die bevordering van ekonomiese ontwikkeling en die uitbouing van die fisiese infrastruktuur van die gebied. Die daarstelling van ꞌn gemeenskaplike vervoer-, kommunikasie-, krag- en watervoorsieningsnetwerk ten einde die breë patroon van ontwikkeling te dien en ekonomiese bedrywighede waar moontlik te integreer en wat die hele Suider-Afrika gemeenskap sal betrek, moet voorkeur geniet.

4.5.16 Om die onafhanklike Swart state aan te moedig om by die Suid-Afrikaanse Tol- en Monetêre Unies aan te sluit ten einde toegang te verkry tot die dinamiese interne RSA-mark vir goedere en produksiefaktore.

MAATSKAPLIKE BELEID

4.6 Die RSA-Regering se maatskaplike beleid is soos volg:

4.6.1 Om hulp te verleen om so gou moontlik ꞌn doenlike maatskaplike infrastruktuur in die Nasionale en onafhanklike Swart state tot stand te bring en die maatskaplike welvaart te verhoog.

4.6.2 Om te verseker dat Swart werknemers in die RSA menswaardig behandel word.

4.5.9 Om belegging deur instansies binne sowel as buite die RSA in die Nasionale en onafhanklike Swart state aan te moedig en waar doenlik sekere waarborge te verskaf.

4.5.10 Om 'n sterk Blanke teenwoordigheid in die Nasionale en onafhanklike Swart state te handhaaf as belangrike faktor vir ekonomiese ontwikkeling en stabilisasie.

4.5.11 Om 'n hoë prioriteit te verleen aan die ekonomiese ont=wikkeling van die Nasionale en onafhanklike Swart state. Konsolidasie moet nie suiwer uit 'n geografiese oogpunt beskou word nie, maar veral ook vanuit die oogpunt van die ekonomiese konsolidasie van state.

4.5.12 Om 'n meer daadwerklike hulpprogram gerig op die uit=bouing van menslike en fisiese infrastrukture en die sinvolle verhoging van die verdienvermoë (produksie=vermoë) van die Nasionale en onafhanklike Swart state van stapel te stuur.

4.5.13 Om maatreëls wat bereken is om die algehele groei van die RSA se ekonomie te stimuleer, só toe te pas dat die onafhanklike Swart state die grootste moontlike voor=deel uit die RSA se ontwikkeling, ook op streeksvlak, sal put.

4.5.14 Om die ekonomiese ontwikkeling van Suider-Afrika op die volgende basis te bevorder:

4.5.14.1 Die verhoging van streekskomplementariteit wat betref produksie en handel asook die daarstelling van die nodige fisiese en menslike infrastrukture ten einde streeksverwantskappe te beklemtoon en ekonomiese ont=wikkeling volgens die optimale streeksontwikkelings=patroon te versnel.

4.5.4 Om by die bepaling van die grense van die Nasionale state voorsiening te maak vir meer groeikragtige en= titeite in die sin dat dié gebiede binne afsienbare tyd oor die maatskaplike en fisiese infrastrukture moet kan beskik ten einde hulle bevolkings van werk te voorsien en die algemene welsyn betekenisvol te verhoog.

4.5.5 Om deur middel van die vestiging van bepaalde Swart stede in Blanke gebiede wat as ekonomiese verleng= stukke van die Nasionale en onafhanklike Swart state sal funksioneer, hierdie state aansluiting te laat vind by die hoofstroom van ekonomiese ontwikkeling.

4.5.6 Om RSA-hulp, insluitende die voorsiening van kundiges, te verleen ten einde die ontwikkeling van die Nasionale en onafhanklike Swart state se volkshuishoudings te be= spoedig.

4.5.7 Om die ooglopende verskille in ekonomiese bedrywigheid, rykdom en die algemene welsyn tussen die RSA en die Nasionale en onafhanklike Swart state so spoedig moont= lik te verminder deur die versnelling van die ekono= miese- en algemene ontwikkeling van dié state en hulle sinvoller aaneenskakeling met die streeksontwikkelings= patroon van die RSA. Om uitvoering hieraan te verleen, word aanvaar dat investering gerig op die daarstelling van sinvolle menslike en fisiese infrastrukture, pro= duksie-fasiliteite en die algemene menslike kundigheid onder die hoogste prioriteite moet tel.

4.5.8 Om ondernemers aan te moedig om ondernemings binne die Nasionale en onafhanklike Swart state óf so na as moont= lik aan dié state aan te pak.

4.4.11.2 Dié state, tesame met ander state in Suider-Afrika, by 'n Konstellasie van State te betrek.

4.4.12 Om deur interstaatlike ooreenkomste tussen lidlande van die te stigte Konfederasie, internasionaal aan= vaarbare reis- en ander dokumentasie van een lidland aan die burgers van 'n ander lidland beskikbaar te stel.

EKONOMIESE BELEID

4.5 Die RSA-Regering se ekonomiese beleid is soos volg:

4.5.1 Om die voordele van 'n ekonomiese bestel gefundeer op die beginsel van vrye onderneming by alle bevolkings= groepe tuis te bring.

4.5.2 Om die besondere behoeftes van elke Nasionale staat na te gaan om by die oordrag van grond en bates ter uit= voering van die konsolidasieprogram te verseker dat dit op ekonomiese grondslag produktief aangewend en bedryf word. Daar moet veral wegbeweeg word van die gedagte van kommunale grondbesit en slegs waar dit nie anders kan nie as gevolg van vroeëre verpligtinge, kan aan dié state self grond oorgedra word vir kommunale besit. Waar enigsins moontlik moet gepoog word om grond in die toekoms waar nodig op 'n privaateienaarsbasis oor te dra.

4.5.3 Om lewenskragtige ekonomiese entiteite daar te stel ten einde ekonomiese bedrywigheid dwarsdeur die gebied te bevorder, die verhoging van die komplementariteit van ? die verskillende state, die skepping van 'n gemeenskaplike mark en die koördinasie van landbou, mynbou en ander be= drywighede waar moontlik.

4.4.6 Om die leiers van die Swart volkere ten volle te betrek by die daarstelling van onafhanklike Swart state, hulle samewerking te verkry tov elke aspek van hierdie program, en langs dié weg gesonde verhoudings tussen die Swart leiers en die RSA te smee en instand te hou.

4.4.7 Om in oorleg met die onafhanklike Swart state die nodige reëlings te tref vir die beskerming van die regte van RSA burgers wat hulle as gevolg van konsolidasie in 'n vreemde staat bevind.

4.4.8 Om die optimum Swart bevolkingsgetalle in die onderskeie onafhanklike Swart state te vestig en die inwoners van sodanige state, asmede die Swart mense wat in die RSA woon en werk, met betrekking tot die uitoefening van politieke regte, te verbind aan hul state. ?

4.4.9 Om met die oog op 4.4.8, doeltreffende toestromingsbeheermaatreëls toe te pas. ?

4.4.10 Om die burgers van die onafhanklike Swart state as gasarbeiders en -inwoners van die RSA te aanvaar (onderhewig aan beperkings op toestroming soos in para 4.4.9 hierbo), met die uitdruklike verstandhouding dat hulle nie daardeur die stemreg, permanente grondbesit, of burgerskap van die RSA sal verkry nie. ?

4.4.11 Om by hulle onafhanklikwording:

4.4.11.1 Dié state te betrek by 'n Suid-Afrikaanse Konfederasie bestaande uit die RSA en die onafhanklike Swart state wat hul bestaan ontleen uit die toepassing van die RSA-Regering se beleid.

→ Alken Swartes

HOOFSTUK 4 : NASIONALE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE RSA TOV DIE DAARSTELLING VAN ONAFHANKLIKE SWART STATE BINNE SY TRADISIONELE GRENSE ?

?

DIE RSA SE NASIONALE DOEL TOV DIE DAARSTELLING VAN ONAFHANKLIKE SWART STATE ?

4.1 Om sinvol-gekonsolideerde onafhanklike Swart state binne die tradisionele grense van die RSA daar te stel as 'n daadkragtige stap in die rigting van 'n Suid-Afrikaanse Konfederasie met 'n eie wil tot self=standige optrede en inskakeling by 'n Konstellasie van Suider-Afrika-state.

DIE RSA SE NASIONALE DOELSTELLINGS TOV DIE DAARSTELLING VAN ONAFHANKLIKE SWART STATE

4.2 Om uitvoering te gee aan die oorhoofse doel met die daarstelling van onafhanklike Swart state, moet die volgende doelstellings nagestreef word:

4.2.1 Staatkundige Doelstelling. Om selfbeskikking vir die onderskeie Swart volkere in die RSA te verseker deur die daarstelling van onafhanklike Swart state.

4.2.2 Ekonomiese Doelstelling. Om te streef na die ekono=miese ontwikkeling van die onafhanklike Swart state binne die verband van hul ekonomiese interafhanklik=heid met die RSA.

4.2.3 Maatskaplike Doelstelling. Om die maatskaplike wel=vaart van alle Swart volkere te bevorder en volle ge=leenthede te bied om hul eie kultuur te beoefen.

4.2.4 Veiligheidsdoelstelling. Om die ~~nasionale~~ veiligheid van die onderskeie onafhanklike Swart state te help ver=seker, ter beswil in belang van die RSA.

# DIE RSA SE NASIONALE BELEID TOV DIE DAARSTELLING VAN ONAFHANKLIKE SWART STATE

4.3 Die RSA se nasionale beleid tov die daarstelling van onafhanklike Swart state binne sy tradisionele grense word onder die volgende hoofde uiteengesit.

## POLITIEKE BELEID

4.4 Die RSA-Regering se politieke beleid is soos volg:

4.4.1 Om deur doelgerigte optrede die politieke inisiatief te bekom en te behou.

4.4.2 Om konsekwent die beginsel na te volg dat Swartes slegs in hulle eie state hulle politieke ambisies moet bevredig en die alternatief van een mens een stem binne 'n uniale politieke bestel vir die tradisionele RSA te verwerp.

4.4.3 Om afsonderlik met elke Nasionale staat te onderhandel oor die konsolidasie van sy grondgebied en om die moontlikheid oop te hou om met reeds onafhanklike Swart state in hierdie verband te onderhandel.

4.4.4 Om waar moontlik die afsonderlike Nasionale state elk tot aaneengeslote grondgebiede te konsolideer met die voorbehoud dat teen fragmentering van die Blanke gebiede gewaak moet word.

4.4.5 Om by die uitvoering van die konsolidasieprogram voor=keur te verleen aan die finalisering van die 1975-konso=lidasievoorstelle op voorwaarde dat by die oordrag van grond en bates dit op 'n ekonomiese grondslag aangewend en produktief bedryf sal word.